# VRYE INLIGTING
# VOLLE INSLUITING
# REGVERDIGE PROSES

**EIS JOU REG OM TE WEET!**

## LUIT AAN BY DIE STRYD VIR TOEGANG TOT INLIGTING!

alles wat jy moet weet oor
**DIE RIGHT2KNOW VELDTOG**

ie Right2Know Veldtog (Reg om te weet, of R2K) is ’n koalisie van baie organisasies en aktiviste wat ’n aksie vir mense vorm om emeenskappe se strewes na toegang tot inligting en vryheid van uitdrukking te ondersteun. Die veldtog is in Augustus 2010 geloods as otes teen die Muilbandwet. Dit het egter gegroei en het vandag ’n groter mandaat teen ’n groter probleem:

**TAAN OP VIR DIE GEMEENSKAP SE**
# REG OM TE WEET!

### AAROM BENODIG ONS DIE REG OM TE WEET?

erbeel jou jy probeer ’n eksamen slaag of ’n werk doen sonder die nodige inligting. Ons almal weet wat die resultaat sal wees – ons sal die samen dop en nie die werk ordentlik kan doen nie. Die punt is dat sonder die nodige inligting – of dit nou vir ’n individuele eksamen is, of n te verseker dat jou plaaslike munisipaliteit kwaliteit- en bekostigbare basiese dienste aan jou gemeenskap lewer – is ons in die donker.

ie goeie nuus is: of dit gaan oor jou raadslid se aktiwiteite, of die gemeenskapsplanne van jou provinsiale regering, of rekenskap eis van ’n aaslike fabriek – jy het die reg om te weet!

it beteken dat alle gemeenskappe het ’n reg tot **VRYE INLIGTING**, **VOLLE INSLUITING** en ’n **REGVERDIGE PROSES!**

**RYE INLIGTING** → Dit beteken jy moet ten volle ingelig wees oor wat vir jou gemeenskap beplan word; die inligting moet openbaar wees, sowel as maklik toeganklik en maklik verstaanbaar!

**OLLE INSLUITING** → Dit beteken die beamptes en liggame wat besluite neem wat jou en jou gemeenskap gaan affekteer moet jou in die saak ken, en jy moet uitgenooi word na vergaderings!

**EGVERDIGE PROSES** → Regeringsamptenare, politici en ander invloedryke persone (bv. plaaslike sakemanne) moet luister na jou eise. Jou opinies maak saak en jou stem moet gehoor word!

## KONTAK ONS


**R2K Gauteng** Bongani 071 043 2221 **R2K Wes-Kaap** Nkwame 078 227 6008
**R2K KZN** Vanessa 082 847 7766 **R2K Oos-Kaap** Xola 073 550 1949
**R2K Nasionale Kantoor** (t) 076 728 7009 (f) 086 551 8879 (e) admin@r2k.org.za
Besoek ook www.r2k.org.za, praat met ons by Facebook.com/Right2Know of Twitter (@r2kcampaign)


Raak **betrokke:** maak **vandag** ’n skenking by www.r2k.org.za!

# Die **vier bene** van Right2Know:

**1. STOP GEHEIMHOUDING!**

top die Muilbandwet en enige ander wet f praktyk wat geheimhouding misbruik en ie grondwetlike reg tot oopheid beperk.

**2. TOEGANG TOT INLIGTING NOU!**

Solidariteit met gemeenskappe en strewes wat inligting eis om hulle regte te beskerm en basiese dienste te bekom. Almal het die reg tot vrye inligting, volle insluiting & 'n regverdige proses!

**3. MEER MEDIA! NIE MINDER NIE!**

evordering van diverse media wat nafhanklik van die regering & orporatiewe beheer is; aandrang op ekostigbare internet- en telefoontoegang: ie reg om te kommunikeer!

**4. GEREGTIGHEID VIR FLUITJIEBLASERS!**

Wanneer mense bewus raak van misdrywe moet hulle die fluitjie kan blaas sonder vrees. R2K beywer hulle om ondersteuning en soldiariteit vir fluitjieblasers te gee!

## HOE KAN JY INLIGTING GEBRUIK?

Die **reg om te weet** en die **reg om jou stem te laat hoor** beteken om **ingesluit en ingelig te word** sodat die gemeenskap hulleself met inligting kan bemagtig en vir hulleself besluite kan neem. Deur te verseker mense het die reg om te weet is 'n klein stappie om **demokrasie te laat werk vir die gewone persoon op die straat**.

En baie gemeenskappe het al ervaar hoe regeringsamptenare, politici of privaatmaatskappye 'n gemeenskap uit 'n proses wil snoer en hulle toegang tot inligting wil ontneem as 'n manier om mag van die gemeenskap weg te neem, sonder om rekenskap te gee!

## DIT BETEKEN JY HET DIE REG OM TE WEET:

- Hoe die munisipaliteit die gemeenskap se geld spandeer!
- Wat is die plaaslike regering se plan om dienslewering te verbeter, werkloosheid te verminder of korrupsie te beveg? Maak hulle goed op daardie planne?
- Wat is die plaaslike huistoekenningsplanne?
- Wie het dienstenders van die munisipaliteit ontvang, en hoeveel word hulle betaal!
- Of 'n plaaslike maatskappy arbeidswette gehoorsaam en hulle werknemers regverdig behandel!
- Besoedel hulle die water of lug? Jy het 'n reg om te weet hoe hulle aktiwiteite die omgewing beïnvloed!
- Indien 'n maatskappy geld ontvang om 'n diens aan die gemeenskap te lewer (bv. vullisverwydering, bou van laekoste-behuising), gebruik hulle die gemeenskap se geld ordentlik?

Daar is baie ander voorbeelde! Hierdie tipe inligting moet vrylik beskikbaar wees aan almal. Baie keer is dit nie – baie aktiviste en gemeenskapsleiers het al 'n atmosfeer van geheimhouding rondom hierdie kwessies ervaar!
Waar daar te veel geheimhouding is beteken dit gewoonlik vermorste geld, **ondoeltreffende regering**, **korrupsie** en **menseregte-vergrype**.

**VRYE INLIGTING! VOLLE INSLUITING! REGVERDIGE PROSES!**

Inligting is mag. ’n **Ingeligte nasie** wat die radio, TV-stasies, koerante, tydskrifte en webwerwe kan gebruik om openbare besprekings te hê, inligting uit te ruil en hulle stemme te laat hoor is **’n magtige nasie**. Magshonger politici en winsgedrewe besighede veg vir beheer van die media omdat dit sal hulle help om die mense te beheer!

Maar R2K vra vir **mediavryheid en –diversiteit**. Sonder **vryheid** gaan die media die stem van die regering word, maar sonder **diversiteit in eienaarskap** en toegang sal dit net die belange van ’n paar mense dien!

## VEG VIR JOU REGTE!

Om jou regte te ken is die eerste stap. Maar die volgende stap is om te veg vir daardie regte want ons weet almal dat aksies praat harder as woorde. Die strewe vir ons reg om te weet is sentraal tot die strewe vir al ons ander regte – die reg op ordentlike behuising, veilige gemeenskappe, skoon water en baie ander goed. Sonder inligting om ons te bemagtig en in te lig veg ons met een hand agter ons rug vasgebind.

As jy en jou gemeenskap julle reg tot die toegang tot inligting ken, en dan organiseer en veg vir daardie regte, sal jy en jou gemeenskap nie net meer bemagtig word nie maar julle sal ook rekenskap kan eis van politieke leiers en plaaslike besighede. Dit  is waaroor ware demokrasie gaan!

Ons eis die reg om te weet!

**VRYE INLIGTING! VOLLE INSLUITING! REGVERDIGE PROSES!**

---

### Is daar ’n wet wat kan help?

In Suid-Afrika is daar ’n wet wat bedoel is om jou reg van toegang tot inligting te verseker: die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting (*Promotion of Access to Information Act* – ‘*PAIA’*).

Ingevolge PAIA kan enigiemand inligting of dokumente van regerings- of privaatliggame versoek en moet hulle binne 30 dae ’n reaksie kry.

Maar alhoewel PAIA bedoel is om ons te bemagtig, is dit baie keer ’n frustrerende proses!

Die Menseregtekommissie sê dat 2 uit elke 3 keer wat ’n gemeenskap of iemand PAIA gebruik het om inligting van die regering te versoek, het hulle geen antwoord gekry nie!

Ander gemeenskappe het gerapporteer dat hulle baie lank moes wag om inligting te kry, of inligting gekry het wat moeilik verstaanbaar was of nie hulle vrae beantwoord het nie.

Daar is organisasies wat jou advies sal kan bied of kan help om inligting aan te vra:

- Die Right2Know Veldtog:
  0214471000
  www.r2k.org.za
- Die Suid-Afrikaanse Geskiedenisargief:
  011 717 1941
  www.saha.org.za
- SA Menseregtekommissie:
- 011 877 3600
  www.sahrc.org.za
- Sentrum vir Regshulpbronne:
  011 836 9831
  www.lrc.org.za
- Staatsdiens-aanspreeklikheidsmonitor:
  046 603 8358
  www.psam.org.za

# MEER MEDIA, NIE MINDER NIE!

## MEDIAVRYHEID VIR ALMAL!

Vrye media is ’n openbare bate – ons gemeenskap benodig onafhanklike, informatiewe joernalistiek en SA se Grondwet sê dit is ons reg! Die media moet onafhanklik wees van beheer deur regeringsamptenare, politici en korporasies. R2K is gekant teen alle sensuur en staan vir die vryheid van joernaliste om hulle werk eties te doen en hulle bronne te beskerm.

## DIE REG TOT BEL, SMS EN DATA

Die internet bemagtig almal met die toegang tot en deel van inligting. Maar alhoewel byna almal in Suid-Afrika ’n selfoon het, waarvan baie toegang tot die internet verskaf, kan meeste mense dit nie bekostig nie! Die rede hiervoor is die selfoonmaatskappye se **buitensporige winste**!

Die reg om te kommunikeer is in ons Grondwet (soos die reg tot water en elektrisiteit) en R2K voer ’n veldtog vir gratis basiese sowel as bekostigbare lugtyd, SMS’e en data. Die selfoonmaatskappye kan dit bekostig, so hoekom voorsien hulle dit nie?

## ONDERSTEUN MEDIA-DIVERSITEIT!

In Suid-Afrika word meeste van ons massa-media deur 5 maatskappye (4 privaatmaatskappye en die SABC) besit. Gemeenskaps-mediaorganisasies wat gemeenskapslede se behoeftes probeer aanspreek is onderbefonds en sukkel om te oorleef! Ons moet die mag van dominante maatskappye beperk en moet meer openbaar-befondsde radio- en TV-stasies, koerante, tydskrifte en webwerwe hê om ons stories te vertel en aan ons ’n stem te gee.

# BESKERM ONS FLUITJIEBLASERS!

WAT IS ’N FLUITJIEBLASER? Fluitjieblasers is mense wat ’n misdryf sien en hulle stem verhef! Soos ’n sokker-*ref* wat vuil spel sien en die ‘fluitjie blaas’ **gebruik fluitjieblasers hulle vryheid van uitdrukking** om hulle stemme te verhef en die publiek te laat weet dat iemand die wet breek of oortree.

WAT IS VOORBEELDE? Fluitjieblasers kan mense wees wat ’n maatskappy se uitbuiting van sy werkers oopvlek of beamptes wat munisipale korrupsie aan die lig bring. Wanneer die publiek inligting oor onwetlike aktiwiteite kry – in die regering of ’n privaatmaatskappy – kom daardie inligting gewoonlik van fluitjieblasers. Hulle kan die inligting neem na ’n verkose beampte, ’n liggaam soos die Openbare Beskermer of Menseregtekommissie, of ’n joernalis.

WAT IS JOU REGTE? Alhoewel die Grondwet die regte van fluitjieblasers beskerm en ons wette het wat hulle regte bevorder (bv. die **Wet op Beskermde Bekendmakings**) is daar in weklikheid nie veel beskerming vir fluitjieblasers nie en staar hulle groot uitdagings in die gesig!

Byvoorbeeld, mense wat die fluitjie blaas op hulle baas verloor baie keer hulle werk (al sê die wet jy kan nie afgedank word omdat jy die fluitjie geblaas het nie)! Soms sê die korrupte persoon die fluitjieblasers het die wet oortree, en huur ’n prokureur om hulle hof toe te vat. Soms word fluitjieblasers seer- of selfs doodgemaak.

Suid-Afrika se fluitjieblasers is in die visier, word geïntimideer en stilgemaak.

## Ons moet by hulle staan!